

ARGENTO

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

GERBUIKSAANWYSINGS INGESLUIT
VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

Lotnummer
Datum van vervaardiging

ARGENTO

FUNGICIDE



Reg. No. L10036, Act/Wet No. 36 of/van 1947

1: 26/05/2016

A suspension concentrate, systemic fungicide for the protective, preventative and eradivative control of late blight on potatoes and downy mildew on wine and table grapes.

'n Suspensiekonsentraat, sistemiese swamdoder vir die voorkomende, genesende en uitwissende beheer van laatroes op aartappels en donsige skimmel op wyn- en tafeldruive.

| | | |
|---------------------------|----|--------------------------|
| FRAC FUNGICIDE GROUP CODE | 40 | FRAC SWAMDODER GROEPKODE |
|---------------------------|----|--------------------------|

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL

Iprovalicarb (valinamide-carbamate) 250 g/ℓ Iprovalikarb (valienamied-karbamaat)

Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
 Reg. No. 2000/010819/07
 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika

5ℓ



UN Number: 3082 Emergency number Tel: (021) 921 5911 Noodnommer



CAUTION / VERSIGTIG



WARNINGS

Withholding periods

| | |
|-----------------------------|---------|
| Potatoes..... | 3 days |
| Wine and Table Grapes*..... | 28 days |

*Do not apply on table grapes after the pea berry stage.

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements.

- Harmful if swallowed or inhaled.
- Risk of serious damage to eyes.
- Toxic to fish, harmful to other aquatic life. May cause long-term adverse effects in the aquatic environment.
- Store under lock-and-key in a cool, dry place away from food, feed, seed and fertilisers.
- Keep away from children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry:** Do not enter treated area until spray deposit has dried, unless wearing protective clothing.
- **Aerial application:** Notify all the inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow the spray drift to contaminate water or adjacent areas.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label; and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned; as well as by the method, time and accuracy of the application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal; or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions; or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Avoid inhalation of fumes and spray mist.
- Wear protective clothing (e.g. rubber gloves) and face shield or goggles (with side shields) when preparing the spray mixture and during spraying.
- In case of direct contact with skin, immediately flush body and clothes with large amounts of water. Remove contaminated clothing and footwear. Wash effected areas with a non-abrasive soap and water. Seek medical assistance if irritation occurs.
- In case of direct eye contact, flush eyes with plenty of clean water for 15 minutes holding eyelids open. Remove contact lenses, if present, after the first 5 minutes. **Seek medical assistance.**
- Do not eat, drink or smoke while preparing or applying the spray mixture, or before washing face and hands.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and other areas not under treatment.
- Clean equipment before and after use. Dispose of wash water where it will not contaminate crops, pastures, rivers, dams or other water sources.
- Invert the empty container over the spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed to a drip. Rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Destroy empty containers by perforating, flattening and disposing of it in a safe way. Never re-use them.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Do not apply **ARGENTO** to any crop or situation not mentioned in this label.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd. accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.
- If **ARGENTO** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

MODE OF ACTION

ARGENTO is a suspension concentrate formulation with systemic action for protective, curative and eradicated control of economically important fungal diseases. **ARGENTO** contains iprovalicarb, a fungicide of the chemical class valinamide-carbamate. The biological mode of action of iprovalicarb is inhibition of lipid biosynthesis and cell wall synthesis, this thereby affects sporulation, germ tube and mycelium growth of Oomycete fungi. The systemic action of iprovalicarb occurs via the transpiration stream of plants.

RESISTANCE MANAGEMENT

For resistance management, **ARGENTO** is a group code 40 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **ARGENTO** and other group code 40 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **ARGENTO** or any other group code 40 fungicide.

To delay fungicide resistance

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- Refer to individual product labels when alternating products or when using tank mixtures with registered products.
- A spray programme of mixtures or alternations with remedies with a different mode of action may delay resistant strain build-up.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

General

- **ARGENTO** should preferably be applied preventatively as described under recommendations.
- Apply **ARGENTO** as a maximum of 50% of the total number of applications intended for disease control in a growing season.
- Do not reduce the dosage rates below that recommended on the label.
- When tank mixing or alternating with other fungicides, use registered mixing partners that provide satisfactory disease control when applied alone at the mixing rate.

For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product or visit the FRAC website at <http://www.frac.info/frac/index.html>.

MIXING INSTRUCTIONS

Half fill the spray tank with clean water. Whilst agitating, add the recommended amount of **ARGENTO** to the spray water and continue filling the tank. Do not leave the spray mixture to settle or stand before applying. If spraying is interrupted, the spray mixture in the tank should be agitated properly before spraying is commenced.

When using **ARGENTO** in tank mix combinations, full cognisance must be taken of all warnings, precautions and directions for use on that particular product's label.

First, mix small quantities of the products separately with water. Check for any signs of incompatibility such as flocculation etc. It is recommended to add **ARGENTO** first and the mixing partner second while agitating. Ensure constant agitation. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.**

COMPATIBILITY

The compatibility of **ARGENTO** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. **ARGENTO** is compatible with **Solsan SC** (L 9590) and **Alaris WG** (L 9102).

AERIAL APPLICATION: For application on Potatoes only.

Avoid chemical drift at all times.

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). For best practise, refer to the SANS Code of Practise for aerial application of agricultural chemicals. It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

Equipment

- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure the minimum loss of product through drift.
- The operator must use a nozzle set-up that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 60-75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

Application Parameters

- A minimum volume of 40 l spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A droplet coverage of 25 – 35 droplets per square cm must be recovered at the target.
- A droplet spectrum with a VMD of 280 – 300 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD less than 150 microns, is restricted to a minimum.
- The height of the spray boom should be maintained at between 3 and 4m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn, during a dive or when banking.

Meteorological Conditions

- The difference between the wet and dry bulb readings, as determined using a whirling hygrometer, must not exceed 8 °C.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions or during the heat of the day when rising thermals and draughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions as this may cause:
 - i. Reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (which leads to inadequate coverage).
 - ii. Damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the spray cloud away from the targeted area.
- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

General

- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray. Indicate adjacent environmentally sensitive areas or sensitive neighbouring crops, beehives or water sources that could be affected by the pesticide.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that the relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

RECOMMENDATIONS

| CROP & DISEASE | DOSAGE RATE | REMARKS |
|--|--|--|
| POTATOES Late blight (<i>Phytophthora infestans</i>) | Ground and aerial application: ARGENTO 1.0 l/ha + Solsan SC 1.5 l/ha | Apply early in the season as a preventative spray or when the first symptoms of infection appear. Ensure even and thorough coverage. Allow 7 – 14 days between spray applications. Use the shorter interval under conditions that favour disease development or in cases of high disease pressure. Apply in programmes where the number of sprays of ARGENTO + Solsan SC does |

| | | |
|---|--|--|
| | | <p>not exceed 50% of the total number of sprays expected for disease control.</p> <p>Do not exceed 6 applications of the mix per season. If more than six applications per season are required, use other fungicides registered for the control of late blight such as Captan 800 WG, Cymax M WP, Mancozeb 800 WP, Sovrin Flo and Valeo 500 SC.</p> <p>This mixture should also be effective in controlling symptoms of Early Blight.</p> <p>Tractor application: 400 – 500 l water/ha; depending on the plant size. Aerial application: 40 l water/ha</p> |
| <p>WINE AND TABLE GRAPES</p> <p>Downy mildew (<i>Plasmopara viticola</i>)</p> | <p>Ground application (ONLY):</p> <p>ARGENTO 35 ml per 100 l water + Alaris WG 55 g/100 l water</p> | <p>Apply treatments preventatively or at the first appearance of symptoms from the bud swell growth stage. Allow 7 – 14 days between spray applications. Use the shorter interval under conditions that favour disease development or in cases of high disease pressure. Apply in programmes where the number of sprays of ARGENTO + Alaris WG does not exceed 50% of the total number of sprays expected for disease control.</p> <p>Do not exceed 4 applications of this tank mixture per season. If more than 4 applications per season are required, use other fungicides registered for the control downy mildew such as Cymax M WP, Mancozeb 800 WP, Sovrin Flo and Valeo 500 SC.</p> <p>Spray Volume: Ensure even and thorough coverage. <u>High volume application:</u> Adjust spray volume according to leaf size/growth stage. Flowering up to pea berry size: Apply in 750 – 1000 l water/ha (Table Grapes); 1000 – 1500 l water/ha (Wine Grapes). Pea berry stage to harvesting: Apply in 1000 – 1500 l water/ha (Wine Grapes only).</p> <p><u>Low volume application:</u> ARGENTO + Alaris WG can be applied in a low volume. Calculate the amount of each product required corresponding to the high application volume for the relevant growth stage. Use a minimum of 250 l water/ha and do not exceed a concentration of 4x that of the high volume dosage rate.</p> <p>Warning: ARGENTO + Alaris should not be applied on table grapes after the pea berry stage.</p> |

ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS

Alaris WG (L 9102)
 Captan 800 WG (L 9249)
 Cymax M WP (L 7680)
 Mancozeb 800 WP (L 9169)
 Solsan SC (L 9590)
 Sovrin WP (L 7600)
 Valeo 500 SC (L 9084)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.
 Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.

WAARSKUWINGS

Onthoudingsperiode

| | |
|--------------------------|--------|
| Aartappels..... | 3 dae |
| Wyn en Tafeldruiwe*..... | 28 dae |

*Moenie op tafeldruiwe na die ertjekorrelstadium toedien nie.

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke, maar mag dalk nie aan vereistes vir uitvoer voldoen nie.

- Skadelik indien ingesluk of ingeasem word.
- Risiko van ernstige skade aan oë.
- Giftig vir visse, skadelik vir ander waterlewe. Mag in die langtermyn nadelige gevolge vir die waterlewe veroorsaak.
- Berg agter slot-en-grendel in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer, saad en kunsmis.
- Hou weg van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermde klere gedra word.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor aangrensende gebiede of oor water spuit, of die spuitstof daarheen laat oorwaai nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van die verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Vermyn inaseming van dampe of spuitnewel.
- Dra beskermende klere (bv. rubberhandskoene) en gesigskerm of veiligheidsbril (met veiligheidskante) by die voorbereiding en vermenging van die spuitmengsel en tydens toediening.
- In die geval van direkte kontak met die vel, spoel onmiddellik liggaam en klere met groot hoeveelhede water af. Verwyder besoedelde klere en skoene. Was geaffekteerde area met 'n nie-skurende seep en water. Kry mediese hulp indien irritasie voorkom.
- In die geval van direkte oogkontak, spoel oë met baie skoon water vir 15 minute en hou ooglede oop. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, eers na die eerste 5 minute. **Kry mediese hulp.**
- Moet nie eet, drink of rook tydens voorbereiding en toediening van die spuitmengsel, of voordat gesig en hande gewas is nie.
- Vermyn spuitstofwegdrywing na ander gewasse, weiding, riviere, damme en ander gebiede wat nie behandel word nie.
- Maak toerusting voor en na gebruik skoon. Gooi die waswater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme of ander waterbronne sal besoedel nie.
- Keer die leë houer oor die spuittenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup afneem. Spoel die leë houer **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Voeg die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houers deur gate daarin te maak, plat te slaan, en op 'n veilige manier daarvan ontslae te raak. Moet dit nooit hergebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Moet nie **ARGENTO** toedien op enige gewas of situasie wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of as 'n tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die

instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

- Indien **ARGENTO** in 'n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet oorweging aan die beperkings van hierdie betrokke produkte geskenk word.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

METODE VAN WERKING

ARGENTO is 'n suspensiekonsentraat formulering met 'n sistemiese werking vir die beskermende, genesende en uitwissende beheer van ekonomies belangrike swamsiektes. **ARGENTO** bevat iprovalikarb, 'n swamdoder uit die chemiese valinamied-karbamate klas. Die biologiese werking van iprovalikarb is die inhibering van lipiedbiosintese en selwandsintese, wat gevolglik spoorvorming, kiembuis en miselium groei van die Oömysiet-swamme beïnvloed. Die sistemiese werking van iprovalikarb vind plaas deur die transpirasiestroom van plante.

WEERSTANDBESTUUR

Vir weerstandsbestuur is **ARGENTO** 'n groepkode 40 swamdoder. Enige swampopulasie mag individue bevat wat natuurlike weerstand teen **ARGENTO** of enige ander groepkode 40 swamdoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die siektepopulasie oorheers as hierdie swamdoder herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **ARGENTO** of enige ander groepkode 40 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermoed die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdodergroepcodes.
- Sien toepaslike individuele produktetikette wanneer daar tussen produkte of tenkmengsels met geregistreerde produkte afgewissel word.
- 'n Spuitprogram van mengsels of die afwisseling met middels wat 'n ander metode van werking het, kan die opbou van weerstandbiedende druk, vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swambeheerprogramme.

Algemeen

- **ARGENTO** moet verkieslik voorkomend toegedien word; soos by aanbevelings beskryf word.
- Dien **ARGENTO** as 'n maksimum van 50% van die totale aantal toedienings wat vir siektebeheer in 'n groeiseisoen geoogmerk is, toe.
- Moenie die toedieningshoeveelhede wat op die etiket aanbeveel word, enigsins verlaag nie.
- Wanneer tenkmengsels of afwisseling met ander swamdoders gedoen word, gebruik geregistreerde mengvennote wat bevredigende siektebeheer sal verskaf wanneer dit alleen toegedien word teen die vermengingsdosis.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk of besoek die FRAC webwerf by <http://www.frac.info/frac/index.html>.

MENGINSTRUKSIES

Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Terwyl geroer word, voeg die aanbevole hoeveelheid **ARGENTO** by die spuitwater en vul die tenk. Moenie toelaat dat die spuitmengsel vir enige tydskuur staan voor toediening nie. Indien bespuiting onderbreek word, moet die spuitmengsel in die tenk behoorlik geroer word voor die aanvang van die bespuiting.

By die gebruik van **ARGENTO** in tenkmengsels, moet volle kennis van al die waarskuwings, voorsorgmaatreëls en gebruiksaanwysings op die etiket van daardie spesifieke produk gedra word.

Eerstens, moet klein hoeveelhede van die produkte afsonderlik met water gemeng word. Kyk vir tekens van onverenigbaarheid soos flokkulasie, ens. Dit word aanbeveel om **ARGENTO** eerste by te voeg en die vermengingsvennoot tweede terwyl geroer word. Verseker konstante roering. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie.**

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **ARGENTO** met ander produkte hang van die formulering van die betrokke produkte, asook die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word, af. Soos formulerings van tyd tot tyd verander word daar aanbeveel dat 'n fisiese verenigbaarheidstoets gedoen word, alvorens 'n tenkmengsel gemaak word. **ARGENTO** is met **Solsan SC** (L 9590) en **Alaris WG** (L 9102) verenigbaar.

LUGTOEDIENING: Vir toediening slegs op aartappels.

Vermý spuitstofwegdrywing ten alle tye.

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) gedoen word. Vir die beste toediening, verwys na die SANS Gebruikskode vir lugtoediening van landbouchemikalieë. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus noodsaaklik om aan die volgende vereistes te voldoen:

Toerusting

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking van die teikenarea sal produseer en die minste verlies van produk deur wegdrywing sal veroorsaak.
- Die operateur moet 'n spuitkopstelsel opstel wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60-75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.

Toedieningsparameters

- 'n Minimum volume van 40 l spuitmengsel per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, met 'n lugbespuiting toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 25 - 35 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 - 300 mikrons word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels, met 'n VDM kleiner as 150 mikrons, tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 tot 4 m bokant die teiken gebied gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, draai, duik of terwyl dit uitklim nie.

Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos bepaal met behulp van 'n swaaihygrometer, moet nie meer as 8°C wees nie.
- Moenie tydens turbulente, onstabiele en droë toestande toedien nie, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.
- Moenie tydens temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversie laag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande toedien nie, aangesien dit kan lei tot:
 - iii. Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug (wat tot onvoldoende bedekking op teiken lei).
 - iv. Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea.
- Moet nie spuit wanneer die windspoed 15km per uur oorskry nie.

Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande bespuit moet word. Dui aangrensende omgewingsensitiewe gebiede of sensitiewe naburige gewasse, byekorwe of waterbronne wat deur die plaagdoder beïnvloed kan word aan.
- Verkry die versekering van die lugbespuitingsoperateur dat daar aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die betrokke data in 'n logboek vir toekomstige verwysing saamgevat sal word.

AANBEVELINGS

| GEWAS & SIEKTE | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|--|---|
| <p>AARTAPPELS</p> <p>Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)</p> | <p>Grond- en lugtoediening</p> <p>ARGENTO 1.0 l/ha + Solsan SC 1.5 l/ha</p> | <p>Dien vroeg in die seisoen toe as 'n voorkomende bespuiting of wanneer die eerste simptome van infeksie verskyn. Verseker egalige en deeglike bedekking. Laat 7 - 14 dae toe tussen toedienings. Gebruik die korter interval by toestande wat siekte-ontwikkeling bevorder of in gevalle van hoë siektedruk. Dien toe in programme waar die aantal bespuitings van ARGENTO + Solsan SC nie meer as 50% van die totale aantal bespuitings vir die verwagte siektebeheerprogram oorskry nie .</p> <p>Moet nie meer as 6 toedienings van die mengsel per seisoen toedien nie. Indien meer as ses toedienings per seisoen nodig is, gebruik ander geregistreerde swamdoders vir die beheer van laatroes soos Captan 800 WG, Cymax M WP, Mancozeb 800 WP, Sovrin Flo en Valeo 500 SC.</p> <p>Hierdie mengsel sal ook effektief wees in die beheer van simptome van vroeë roes.</p> <p>Grondtoediening: 400-500 l water/ha afhange van plantgrootte. Lugtoediening: 40 l water/ha</p> |
| <p>WYN- EN TAFELDRUIWE</p> <p>Donsskimmel (<i>Plasmopara viticola</i>)</p> | <p>Grondtoediening (ALLEENLIK):</p> <p>ARGENTO 35 ml per 100 l water + Alaris WG 55 g/100 l water</p> | <p>Dien behandelings voorkomend toe of by die eerste verskyning van simptome by die knopswel groeistadium. Laat 7 - 14 dae toe tussen toedienings. Gebruik die korter interval by toestande wat siekte-ontwikkeling bevorder of in gevalle van hoë siektedruk. Dien toe in programme waar die aantal bespuitings van ARGENTO + Alaris WG nie meer as 50% van die totale aantal bespuitings vir die verwagte siektebeheerprogram oorskry nie.</p> <p>Moet nie meer as 4 toedienings van hierdie tenkmengsel per seisoen toedien nie. Indien daar meer as 4 bespuitings per seisoen nodig is, gebruik ander geregistreerde swamdoders vir die beheer van donsskimmel soos Cymax M WP, Mancozeb 800 WP, Sovrin Flo en Valeo 500 SC.</p> <p>Spuitvolume: Verseker egalige en deeglike bedekking. <u>Hoë volume toediening:</u> Pas spuitvolume aan volgens blaargrootte/groeistadium. Blom tot ertjekorrelgrootte: Dien in 750 - 1000 l water/ha toe (Tafeldruiwe); 1000 – 1500 l water/ha (Wyndruiwe). Ertjekorrelstadium tot oestyd : Dien toe in 1000 - 1500 l water / ha (Slegs Wyndruiwe).</p> <p><u>Lae volume toediening:</u> ARGENTO + Alaris WG kan in 'n lae volume toegedien word. Bereken die hoeveelheid van elke produk benodig wat ooreenstem met die hoë toedieningsvolume vir die betrokke groeistadium. Gebruik 'n minimum van 250 l water/ha, maar mag nie 'n konsentrasie van 4x dié van die hoë volume dosis oorskry nie.</p> <p>Waarskuwing: ARGENTO + Alaris moet nie op tafeldruiwe na die ertjekorrelstadium toegedien word nie.</p> |

ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Alaris WG (L 9102)
Captan 800 WG (L 9249)
Cymax M WP (L 7680)
Mancozeb 800 WP (L 9169)
Solsan SC (L 9590)
Sovrin WP (L 7600)
Valeo 500 SC (L 9084)

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.